

14 April

Skrifgedeelte: Matteus 25:1-14
Fokusgedeelte: Matteus 25:1-14

Wees gereed!

Hierdie gedeelte is die tweede van Jesus se drie waaksaamheidsgelykenisse. Jesus Christus gaan nie die interkom by die hek druk voor Hy weer kom nie. Sy terugkoms sal onaangekondig plaasvind, soos wat 'n inbreker maak. Maar dan moet ons, die volgelingen (kerk) van Jesus, reg wees.

Die konteks van Matteus 24 en 25 wys dat die gelykenis gelees moet word met die oog op Jesus Christus wat gaan terugkom. Dan gaan die grootste Christusfees ooit gehou word. Dit beteken groot blydschap vir dié wat voorbereid is. Die bruilofsfees word ook in Matteus 22:1-14 beskryf. Die Here Jesus maan sy dissipels en dus ook ons om voorbereid te wees met die oog op die groot fees van sy heerskappy wat skielik en onaangekondig almal se aandag gaan trek. Dit is die bedoeling van die gelykenis.

Dit wil ons ook onderskeidend laat dink oor die volgelingen van Jesus Christus. Want Jesus leer dat nie alle volgelingen voorbereid/gereed gaan wees nie. Die feit dat dit lyk of Jesus lank vat om terug te kom, het 'n effek op al sy volgelingen. Vir ons as gelowiges voel die lewe soms te lank. Ons begeer dat Jesus nou sal terugkom (Rom. 8:23). Ons geloofsbrandstof voel soms min. Maar Hy, ons getroue Hoëpriester, ken ons en Hy bedien ons weer en weer in liefde met sy Gees en sy evangelie. Hy verhelder weer en weer die lig uit sy onuitputlike voorraad (Joh. 1:16) in ons harte as ons geloofsmoed en –ywer laag brand. Hy sorg dat ons lampe nie doodgaan nie.

Bely dan saam met die digter in Psalm 18:29: Here, *U* laat my lamp skyn. En hoor ook wat Jesus leer in Johannes 15:4: “Bly in my soos Ek in julle.” Dit is die volgelingen van Jesus wat op die lang duur nie meer doen wat Jesus leer nie, wat dwaas is (Matt. 7:24-27) en die gevaar loop dat hulle olie opraak.

Sing: Psalm 37:4, 5, 6 (1936)

Ds. JH Grobler (Louis Trichardt)